

**13 September**

**Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 1:26 – 2:5**

**Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 2:2**

### **Bewus van my swakheid**

Ons fokusgedeelte begin met die Woord wat dit baie duidelik maak dat ons niks het om oor te roem nie. Dit is nie ons wysheid, talente of gawes wat maak dat God ons kies om in sy koninkryk werksaam te wees nie. Tog kies God om ons te gebruik. Hy kies die skynbaar onbenulligste gebeure en mense om die wysheid van die wêreld tot skaamte te bring. God kies die swakkeling om die sterkes op hulle neuse te laat kyk. God kies selfs dit wat van geen waarde is en verag word om die dinge van die wêreld tot niks te bring.

Wat is wysheid dan? Waar kry ons dit? Christus is wysheid. Hy het vir ons die wysheid van God geword. Ons regverdigmaking, ons heiliging en ons verlossing is alles aan Christus te danke. Hy is die Wysheid van God. Daarom sê Paulus dat hy (natuurlik onder leiding van die Gees!) gekies het om met die gemeente oor net een saak te praat naamlik: Christus en Hom as Gekruisigde.

Aangesien hy niks het om oor te roem nie, kom hy met vrees en angs na die gemeente. Hy as mens het nie iets om vir ander te bied nie, net God het iets om te bied. Paulus kan oor niks anders as Christus praat nie, want niks anders is of het wysheid nie. Die gemeente word ook nie oortuig deur slim en mooi woorde nie. Die Heilige Gees alleen kan mense oortuig van die waarheid. Hierin is groot genade: ons geloof nie rus op dit wat mense sê nie, maar in dit wat God is.

Daar is dus net een plek waarheen ons kan terugdraai of omkeer. Daar is net Een wat wysheid is, al lyk dit vir die wêreld na dwaasheid. Ons hoef nie die wêreld te oortuig van ons keuse nie, ons hoef dit ook nie te regverdig nie, ons moet dit net doen.

*Sing: Psalm 8-1:3, 4*

*Teologiese Student B (Banie) van der Walt*